NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# Die Hervormer

April 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 1



**Wanneer die Lig stilletjies dowwer word** | 3



**Die Hervies-finalejaars skop hul praktiese jaar by Origins af!** | 4-5



**Boekbekendstelling** | 7




**Stoepstories** | 8

## (Kunsmatig) Syn-in-die-wêreld

**David Barnard (jr)**

**Wanneer ons oor kunsmatige intelligensie (KI) nadink, kyk ons selde na die verlede – ons kyk eerder verstard na die toekoms. Benewens ons gefikseerde blik wat voortdurend vorentoe gerig is, kan dit soms wys wees om 'n tree terug te gee en die waarskuwings uit die verlede te oorweeg – hetsy feitelik, fiktief of êrens tussenin. Dit is waar dat ons in die hede ingeslinger word danksy die pas waarteen alles beweeg, en na die toekoms geprojekteer word. Dit bly egter belangrik om stil te staan en te begryp waarvandaan ons ingeslinger is. Die verlede bied 'n beginpunt, nie om nostalgies oor te tob nie, maar om die uitdagings waarmee ons te kampe het, in die lig van die onbedoelde en onbesonne toename in die gebruik van KI sonder etiese verantwoordelikheid te begryp.**



In Frankenstein, of *The Modern Prometheus* (1818), waarsku Mary Shelley die leser op byna profetiese wyse teen innovasie sonder verantwoordelikheid. Shelley, as die moeder van wetenskapsfiksie, tree as 'n wyse – selfs as 'n filosoof – op deur die gevare van vooruitgang ter wille van vooruitgang te beklemtoon, veral met betrekking tot tegnologiese (en moontlik *kunsmatige*) ontwikkeling. *Learn from me, if not by my precepts, at least by my example, how dangerous is the acquirement of knowledge, and how much happier that man is who believes his native town to be the world, than he who aspires to become greater than his nature will allow*, aldus Shelly. Soos haar skepsel, is KI 'n wonder – 'n bewys van die mens se vasberadenheid om na grootheid te streef. Tog maak sy dit deur die verloop van haar roman duidelik dat kunsmatige vooruitgang in sekere omstandighede nadelig kan wees. KI is dus nie inherent gevaarlik nie, maar die blinde benutting daarvan wek kommer.

Daar is 'n groot aantal denkers wat die gebruik en afhanklikheid van KI aanraak of deeglik ondersoek. Hierdie denkers beroep hulle op Kant, Bentham en Aristoteles om die etiese dimensies van so 'n afhanklikheid van 'n relatief onlangse tegnologie te verstaan. Ondanks die uitputtende bronne van etiese ondersoek en morele selfrefleksie wat hulle bied, dring hierdie denkers nie altyd deur tot die kern van die uitdagings wat na vore kom in 'n wêreld wat toenemend waarde heg aan die *magie* van KI nie.

Die 20ste eeuse filosoof, Martin Heidegger, voer aan dat ons primêre etiese bekommernis die syn self is, spesifiek syn as werkwoord. Tegnologie is volgens Heidegger, en in aansluiting by die Griekse begrip *technē*, nie bedoel om die lewe geriefliker te maak nie, maar om ons te help om syn, dus onsself, beter te verstaan. Met ander woorde, die etiek van KI behoort nie in die eerste plek te fokus op of dit *reg* of *verkeerd*, *moreel* of *immoreel* is om hierdie instrument te gebruik nie, maar eerder op of hierdie nuwe of relatief nuwe instrument ons help om onsself beter te verstaan.

Indien die antwoord nee is, is dit nie verstandig om 'n wonderlike uitvinding soos hierdie summier te verwerp nie. 'n Nee vereis eerder 'n oomblik van stilstand en nadenke. Kwantifiseer KI die menslike ervaring? Ondermyn dit ons aangebore neiging om te skep? Ontbloot dit ons behoefte om die menslike werklikheid tot voorspellende voorkeure te reduseer en ons syn as 'n datastel weer te gee? Hier bestaan geen eenvoudige reg of verkeerd nie.

Soos ander nuwe tegnologieë in die verlede, bied KI nie 'n etiese tweedeling nie. Dit bied 'n geleentheid om die algoritmiese *das gerede* (praat of klets) stil te maak. Die pas waarteen alles rondom KI vorder en die diskoers daarrondom, maak dit moeilik om te rem en oor die etiese gebruik van hierdie instrument na te dink en om die voordele en nadele van hierdie wonder van menslike ontwikkeling, en toewyding aan vooruitgang te oorweeg.

Vooruitgang ter wille van vooruitgang behoort egter self rede tot waaksaamheid te wees. Is ons nie medeverantwoordelik vir die onverantwoordelike en opportunistiese gebruik van hierdie instrument in ons poging om sin te maak van ons ervaring in die wêreld – van ons syn-in-die-wêreld nie?

In hierdie opsig, strek nadenke oor die gebruik en misbruik van KI tot die toenemend sentrale rol in verhouding tot ons menslikheid. Is dit 'n opvolger of is dit 'n assistent? Is dit dryfkrag of gedrewe? Belangriker nog: is KI 'n naïewe, sterreoë toekomsvisie, of 'n deeglik oorwoë werklikheid in die hede? Laasgenoemde stel ons in staat om verantwoordelikheid na eersgenoemde te projekteer.

Met hierdie kort stuk in gedagte, gaan dit nie bloot daaroor om hierdie uitvinding te vermy of te veroordeel nie, maar eerder om die onverantwoordelike kwantifisering van die menslike ervaring te vermy en ons verantwoordelikheid te aanvaar om in-die-wêreld te wees sonder dat ons hulpmiddel ons projeksie na die toekoms monopoliseer. Shelley het ons gewaarsku dat die *mal* wetenskaplike en sy *mal* wetenskap nie daardie etiket op grond van sielkunde verdien nie, maar vanweë hul blindheid vir die gevolge van menslike innovasie. Ons as mense staan by 'n kruispad. Benut ons hierdie kosbare instrument om die beste moontlike toekoms te verseker, of laat ons dit toe om die parameters en inhoud van daardie toekoms te bepaal?

Ons het die verantwoordelikheid om versigtig te wees, nie veroordelend nie; om reflektief te wees, nie neerhalend nie. Hierdie oproep weerklink in skoolbanke, professionele kantore en kerkportale. Hierdie uitvinding behoort nie ons menslike ervaring in te perk nie, maar ons eerder aan te moedig om verder te skep en te innoveer. Dit moet ons aanmoedig om 'n wêreld te visualiseer waar mense sulke instrumente vir verbetering gebruik, eerder as om uit gemak oor te gee en 'n *kunsmatige* suksessie toe te laat. Enigiets minder is nie 'n ernstige oorweging van die etiek van KI nie, maar 'n stereotipe en nalatige ontduiking van 'n geleentheid tot selfverbetering.

Eenvoudig gestel: KI is nóg vriend nóg vyand, maar 'n spieël wat ons moet aanspoor om die beste moontlike werklikheid te begeer. KI en die etiek daarvan is in die eerste plek, ten minste voorlopig, 'n etiek van menswees in die wêreld. Ons toekoms was nog altyd onseker, maar met die toevoeging van KI verskuif ons fokus effens na 'n toekoms waarin die biologiese, die geestelike en die kunsmatige moet saam bestaan. Die oopheid van die etiese vraagstuk rondom die gebruik of misbruik van hierdie instrument weerspieël 'n toekoms wat nog altyd oop was – een wat stille besinning en aandagtige opgewondenheid oor ons nuwe kunsmatige assistent vereis, sodat dit altyd gereed-tot-hand kan wees, by die snypunt van *technē* en *psychē*.

(Hierdie artikel volg op die outeur se navorsing oor die etiek rondom KI wat hy vir sy honneursstudie gedoen het.)

(David Barnard (jr) is lidmaat van Gemeente Magaliesmoot)

# Christendom of Christenskap?



Ds David Barnard

**Die 40 dae van Lydenstyd is 'n geskikte tyd om diep oor ons verhouding met ons gekruisigde Heer Jesus na te dink. Een van die kernpunte waaroor ons in hierdie dae kan besin, is óf ons onsself by die Christendom aan die een kant, óf Christenskap aan die ander kant skaar.**

Eugene Peterson tref hierdie onderskeid duidelik. Hy is 'n voorstander van pastorale teologie (Christenskap) teenoor 'n teologie wat imperiums of koninkryke vestig (Christendom). Ons persoonlike verhouding met Jesus hoort op die voorgrond en die skep van aardse koninkryke hoort, aldus Peterson, nêrens nie. Die ongemak wat hy met koninkryke het, is dat daar altyd regeerders is. Daar is persone met sogenaamde *sterstatus*. Dit verwys na mense wie se eie belange soms selfs bo die belang van die Blye Boodskap verhef word. Diensknegte raak soms stelselmatig gemaklik met die sogenaamde *sterstatus*. Om verslaaf te raak aan roem en erkenning is nie so moeilik nie.

Die bekende Amerikaanse akteur, Kevin Bacon, het jare nadat hy reeds een van die bekendste gesigte op aarde geword het, gewonder hoe dit sou voel om anoniem deur die strate van Los Angeles te beweeg. Hy het 'n grimeerkunstenaar genader om sy voorkoms so te verander dat hy onherkenbaar sou wees. Ná 'n dag van anonimiteit het hy in 'n onderhoud in 2017 gesê dat die ervaring glad nie aangenaam was nie. Hy moes toustaan in winkels en mense het by hom verbygestap, dikwels nors en onvriendelik. Hy het dus eerder sy *sterstatus* verkies.

Yuval Noah Harari, bekende skrywer en historikus wat roem verwerf het danksy onder andere sy vele publikasies en die lesings wat hy wêreldwyd aangebied het, het weer verkies om in die massa te verdwyn. As gevolg van sy bekendheid is hy gedwing om gereeld tyd deur te bring met leiers en ander bekendes. Hierdie *onnodige* kontak het na sy oordeel sy eie produktiwiteit nadelig beïnvloed. *Eerder in die skadu's, besig met kosbare werk,* sou sy lewensleuse wees.

Ons kry kolligmense en ons kry skadumense wanneer ons aan dienswerk in die kerk dink. Lidmate en kerkleiers behoort sonder twyfel in die kategorie van stille diens aan die Here, maar om een of ander rede gebeur dit nie altyd so nie.

Søren Kierkegaard (1813-1855), die bekende eksistensialis en filosoof, was veral in die laaste jare van sy bediening uitgesproke oor die begrip Christenskap as oorgawe aan Jesus Christus en oor toegewyde diens in sy naam. Die wegraak in die massa, ons anonimiteit, het dus na sy oordeel oor stille nadenke en toegewyde diens gegaan.

Aldus Kierkegaard loop die Christendom – die lidmate en leiers van 'n suiwer institusionele liggaam – die risiko om *sterstatus*-gedrewe weergawes van gelowiges te word. Dit kan die soeke na erkenning vir die nakoming van bepaalde gebruike tot gevolg hê.

Die soeke na *sterstatus* maak in baie opsigte vreemde gedrag wakker. Individue smag later so na erkenning, floreer op komplimente en die spreekwoordelike applous van die gehoor dat hulle om daardie rede hul optrede aanpas om die gewenste reaksie te ontlok. Jy ontwikkel gebruike en gewoontes wat na jou oordeel gewild by jou gehoor sal wees.

Kierkegaard meld dat kerkleiers of lidmate wat so optree, in wese die kruisboodskap verraai wat hulle onderskeidelik week ná week getrou verkondig en aanhoor. Hy noem dat diesulkes die risiko loop om van die kerk 'n teater te maak waarin leiers en lidmate die akteurs word en ander die gehoor wat vermaak moet word.

Volgens Dietrich Bonhoeffer behoort geloof veel eerder te beteken om God en jou naaste in 'n geloofsgemeenskap te dien. 'n Gemeenskap wat Christusgesentreerd is en nie mensgesentreerd nie. Kerkleiers en lidmate is nie sterre nie. Teen die agtergrond van die Lydenstyd wat ons in hierdie dae gevier het, is ons in wese voetewasmense. Ons roeping is om saam met Jesus en mense te staan, om bande te bevorder. Ons droom kan nooit wees om 'n geïdealiseerde gemeenskap te help vorm nie. Ons droom is om in die gemeenskap waarin ons leef en dien – 'n gees te help skep waarin die Evangelie waarlik leef.

Kierkegaard het van *radikale nederigheid* gepraat toe hy aan Jesus se voetwassing gedink het. Menslike trots en strewe na erkenning word nietig verklaar wanneer jy jouself tot op 'n slaaf se vlak verlaag.

As jy dus nog nie, by wyse van spreke, vuil voete in jou hande gehad het nie; as jy nog nie die beperkte ruimte van 'n pondok gevoel het nie; as jy nog nie werklik gely en prysgegee het op elke vlak van kerklike arbeid nie, is dit moeilik om 'n aanvoeling te ontwikkel vir wat Jesus op aarde moes deurgaan om sy boodskap van liefde en hoop te vestig.

Radikale nederigheid daag ons uit om verby die normale grense te skuif. Lydenstyd herinner aan prysgawe en offergawe. Ware prysgawe vereis ernstige studie, eerlike verkondiging, opregte oomblikke van stof tot nadenke, oomblikke van gesukkel, episodes van trane afvee. Die gees waarin elke aksie plaasvind, bly 'n voetewasgees. Ons is diensknegte.

Waar vind die wêreld ons? Wagtend op die toejuiging of by die voete van ons medemens?

## Uit die Woord

**Die Here het opgestaan!**

*Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het* (Matt 28: 6, AFR83).

Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld;
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

(Gesang 409: 1)

## Oordenking

# Waar is God in 'n donker wêreld?

Ds Drian Cockeran (Bronkhorstspruit)

**Lees: Lukas 24: 13-35**

**Die afgelope paar weke het dit toenemend moeiliker geword om van al die nuus oor die oorloë, ekonomiese probleme en allerhande ander ontstellende gebeure te ontsnap. Oral hoor ons mense vra: *Waar is God in dit alles?* Dit voel asof die wêreld al hoe donkerder word en dit al hoe moeiliker word om sy teenwoordigheid raak te sien.**

In Lukas 24 ontmoet ons die Emmausgangers – twee dissipels op pad na 'n klein dorpie met die naam Emmaus. Hulle loop met 'n swaar gemoed omdat hulle hoop op 'n Messias, wat aardse mag sou kom vestig, deur die kruis vernietig is. Hulle bely: *Ons het so gehoop...,* maar hul hartseer word vererger deur 'n dieper probleem – hul geestelike blindheid. Alhoewel hulle fisies naby aan Jesus gestap het, het hul eie vooronderstellings van die Here se optrede hulle verhoed om Jesus te herken.

Hierdie manne het geglo, maar hulle het nie verstaan wat God besig was om te doen nie. Die kruis het vir hulle soos die einde van alles gelyk. Hulle soek God in oorwinning en in mag – in plekke waar hulle 'n groot en magtige koning sou verwag. En tog het Hy hom in die lyding, in die donker van die wêreld geopenbaar. Die skerp kontras tussen hul fisiese nabyheid aan die Here en hul onvermoë om die Skrif te verstaan, wys vir ons dat hulle nie net in die donker geloop het nie, maar ook in hul eie verstaan vasgevang was.

Jesus stap saam met hulle. Hy lê vir hulle die Skrifte uit om vir hulle te wys dat die lyding nie 'n fout was nie, maar nog altyd deel van God se plan was. Jesus leer vir hulle dat die weg na heerlikheid deur lyding gaan. Die kruis is nie die plek waar God afwesig is nie, inteendeel, dit is juis daar, in die donker van die kruis, waar God besig is om te werk. Dit is die plek waar God die sonde en die duisternis oorwin het.

Ons kan ook nie na die kruis kyk sonder die opstanding nie. Die opstanding bevestig die kruisgebeure as die voltooide oorwinning. Waar die kruis vir ons wys dat God ook in die donker teenwoordig is, wys die opstanding vir ons dat die donker skadu van die kruis nooit die laaste sê het nie.

In die donker van die wêreld, vol oorloë en onsekerheid wonder ek of ons nie ook soms soos hierdie Emmausgangers is nie. Soek ons nie ook dikwels God in mag en oorwinning nie? Maar God werk dikwels juis daar waar ons Hom nie verwag nie – in die gebrokenheid van die wêreld. Mag ons vandag leer om deur die lens na die wêreld te kyk, sodat ons God nie in ons eie verwagtinge van sukses soek nie. Mag ons Hom in die donker oomblikke ook raaksien met die wete dat Hy reeds vir ons die weg gebaan het.

# Wanneer die Lig stilletjies dowwer word: 'n Roepingsgesprek vir gemeentes van die NHKA

Dr Hannes Janse van Rensburg

**Dit begin selde met 'n krisis. Daar is nie 'n skielike konflik wat almal ontstel nie. Geen dramatiese skeuring of openbare twis haal die koerante nie. Die kerkraad vergader steeds getrou. Die eredienste verloop ordelik. Die begroting hou nog kop bo water. Op die oppervlak lyk alles aanvaarbaar. En tog – iewers, amper onmerkbaar – begin die Lig van God al hoe dowwer word.**



Die vreugde van gelowigwees en kerkwees is nie meer so spontaan nie. Die verwagting is nie meer so tasbaar nie. Die gevoel dat God besig is om iets nuuts te doen, raak in my persoonlike lewe en in die lewe van die Kerk stadig maar seker vaag. Dit is asof die gemeente steeds beweeg, maar nie meer met dieselfde helder doelgerigtheid – dieselfde roepingsbewustheid – nie. En voordat ons dit behoorlik kan omskryf, bevind ons onsself op 'n plek van onsekerheid. Nie omdat iemand doelbewus verkeerd opgetree het nie. Nie omdat iemand opsetlik van die Here afgedwaal het nie. Maar omdat die uitdagings van die tyd ons stilletjies bekruip het en in die hart van ons kerkwees begin werk het. Ons het dit nie eers duidelik gehoor of gesien nie, maar ons voel dit in ons gelowigwees en kerkwees.

Hierdie ervaring is nie vreemd aan gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) nie. In gesprekke oor die afgelope jare – op ringsvlak, by sinodale byeenkomste en in plaaslike gemeentes – kom 'n soortgelyke toon na vore. Baie gemeentes stoei – sommige met finansiële druk, ander met dalende lidmaattalle, nog ander met strukture wat swaar begin aftrek. Maar die dieper worsteling is dikwels moeiliker om te omskryf. Dit is 'n gevoel van moegheid. 'n Onsekerheid oor rigting. Vrae oor relevansie. 'n Stil verlies aan momentum. 'n Onsekerheid oor roeping.

Die vraag wat ons eerlik moet vra, is: Hoe gebeur dit? Hoe beland 'n gemeente, wat getrou gebid en gewerk het, op 'n plek waar die lig dowwer raak? Die antwoord is selde eenvoudig. Gemeentes verloor nie hul roeping in een oomblik nie. Dit gebeur eerder soos 'n skip wat stadig van koers af dryf. Die taal van missie en visie bly. Die strukture bly. Die programme bly. Ons is besiger as ooit. Maar die roeping hou op om ons besluite te vorm. Vergaderings begin hoofsaaklik oor instandhouding gaan. Bedieninge en diens bly bestaan omdat dit nog altyd daar was. Aktiwiteit neem toe, maar die impak neem af. Ons raak besig, maar nie noodwendig gehoorsaam aan God nie.

Daar is ook 'n subtiele verskuiwing wat maklik ongemerk bly: gemak vervang roeping. Stabiliteit voel veilig. Voorspelbaarheid voel gesond. Ons weet wat om te doen en wat om te verwag. Ons weet hoe dinge werk. Maar stadigaan vervang gemak die stille, heilige verwagting dat God iets nuuts kan doen. Gebed word roetine eerder as afhanklikheid. Beplanning vervang onderskeiding, en sonder dat ons dit bedoel, begin ons kerkwees meer oor beheer gaan as oor gehoorsaamheid.

Hierdie verskuiwing raak ook leierskap. Die druk op gemeentes van die NHKA is werklik. Finansies moet bestuur word. Eiendomme moet onderhou word. Administrasie moet gedoen word. Hierdie sake is nie onbelangrik nie. Maar wanneer leierskap hoofsaaklik tot bestuur gereduseer word, verloor die gemeente haar hart. Besluite word geneem, maar mense word nie altyd begelei nie. Strukture funksioneer, maar verhoudings verskraal. Die gemeente raak meer georganiseerd, maar nie noodwendig meer geestelik lewendig nie.

Intussen gebeur daar nog iets wat ons maklik miskyk: die stille wegraak van mense. Nie met protes nie. Konflik word vermy, slegs in afwesigheid. Die getroue egpaar wat jare lank elke Sondag daar was, sit nie meer in hul bank nie. Die senior lidmaat wat altyd gebid het vir die kerk se werk, kom nie meer nie. Soms is dit ouderdom en gesondheid. Soms is dit moedeloosheid. Soms is dit net 'n gevoel dat hulle nie meer hul plek vind nie. Hierdie *stille eksodus* sny dieper as wat ons besef, want dit raak nie net getalle nie, maar die siel van die Kerk.

In sulke tye is die versoeking groot om vinnige oplossings te soek. 'n Nuwe strategie. 'n Nuwe program. 'n Nuwe model wat alles sal regmaak. Ons wil weet: *Wat is die plan? Wat is die resep?* Maar die waarheid is dat daar nie een plan vir alle gemeentes van die NHKA is nie. Elke gemeente leef in haar eie konteks. Elke gemeente dra haar eie geskiedenis, haar eie pyn, haar eie gawes. Wat in een dorp werk, werk nie noodwendig in 'n ander nie. Wat in een generasie vrug gedra het, dra nie noodwendig op dieselfde manier in die volgende nie.

Miskien moet ons daarom weer terugkeer na 'n ouer, Bybelse woord: *roeping*. Vir baie jare het ons gefokus op visie en missie. Hierdie begrippe bly belangrik. Maar roeping gaan dieper as 'n strategiese formulering. Roeping is nie bloot 'n slagspreuk nie. Dit is 'n verhouding. Dit begin by God wat roep. God wat sy kerk roep om deel te neem aan sy *missio Dei*. God wat individue roep, maar ook gemeentes en die Kerk roep. Die vraag is dus nie net: Wat wil ons bereik nie? Die vraag is: Waartoe roep God ons nou?

Hier lê 'n profetiese woord vir ons kerk. Ons kan nie net in stand hou wat was nie. Ons kan nie net probeer oorleef nie. Ons kan nie tevrede wees met 'n stil, beheerste agteruitgang nie. Die Here van die kerk roep ons steeds. Hy roep ons om te luister. Hy roep ons om te onderskei. Hy roep ons om te bekeer waar ons afgedwaal het – selfs al was dit net deur stadige verskuiwing. Hierdie roepstem is nie 'n veroordeling nie, maar 'n uitnodiging – 'n uitnodiging tot herontdekking.

Terselfdertyd is daar 'n diep pastorale waarheid wat ons nie mag vergeet nie: baie gemeentes doen reeds soveel goed. Daar is getrouheid. Daar is opoffering. Daar is gebed. Daar is liefde vir die Here en vir mekaar. Die feit dat ons vrae vra, dat ons worstel, is op sigself 'n teken van lewe. 'n Dooie gemeente vra nie vrae nie. 'n Dooie gemeente worstel nie. Daarom moet ons versigtig wees om nie mekaar te veroordeel nie. Ons moet mekaar relasioneel dra.

Die pad vorentoe sal waarskynlik nie deur groot spronge kom nie, maar deur klein, getroue stappe. Dit kan begin met 'n eerlike gesprek. Met kerkraadslede wat nie net oor finansies praat nie, maar oor roeping. Met lidmate wat mekaar vra: *Waar sien jy God werk? Wat dink jy vra die Here nou van ons?* Dit kan begin met doelbewuste luister – nie net na mekaar nie, maar na die Woord. Met Bybelstudies wat nie net kennis oordra nie, maar onderskeiding beoefen. Met gebed wat nie net versoeke bring nie, maar stil word om te hoor.

Hierdie reis vra 'n nuwe verstaan van leierskap. Nie leiers wat alles weet nie, maar leiers wat saam leer. Nie leiers wat met klaargemaakte antwoorde kom nie, maar wat die moed het om vrae te stel. Leiers wat kan help onderskei tussen tegniese probleme en geestelike uitdagings. Wat kan sê: *Hierdie kan ons regmaak.* Maar dit vra 'n verandering van hart – 'n bekering. Hierdie soort leierskap is nie swak nie. Dit is nederig, vriendelik, geduldig en verdraagsaam. En juis hierin lê die Lig.

Uiteindelik kom ons by die kern: ons is nie geroep om alleen te reis nie. Die Kerk is 'n gemeenskap. Ons word saam geroep, saam gestuur, saam gedra. Daarom is die uitnodiging nie net individueel nie, maar gemeenskaplik. Gemeentes wat saam sit met 'n oop Bybel en 'n goeie koppie koffie. Gemeentes wat nie te gou oordeel nie, maar eers luister. Gemeentes wat waag om te sê: *Ons weet nie alles nie, maar ons wil gehoorsaam wees.*

Die uitdagings van ons tyd het ons stilletjies bekruip. Maar dit beteken nie dat die Here stil geword het nie. Hy roep steeds. Hy werk steeds. Hy bou steeds sy kerk. Die vraag is of ons bereid is om weer saam met Hom en met mekaar op pad te gaan. Nie met die sekerheid dat ons elke stap verstaan nie, maar met die vertroue dat Hy ons lei.

Mag die NHKA in hierdie tyd nie net planne maak nie, maar roeping herontdek. Mag ons nie net strukture beskerm nie, maar gehoorsaamheid beoefen. Mag ons die moed hê om saam te reis – luisterend, lerend, hoopvol. Want die toekoms van ons kerk sal nie deur strategie alleen gevorm word nie, maar deur gemeentes wat weer leer om saam met God en mekaar te reis.

(Dr Hannes Janse van Rensburg is leraar by Gemeente Zuurfontein en lid van die SGB: Interim begeleiding, toerusting en fasilitering)

# Die Hervies-finalejaars skop hul praktiese jaar by Origins af!



**Ds Iwana Kruger**

**Dr Hercules Boshoff en mev Rolandi Mc Geer, finalejaarstudente aan die NHKA, het die week van 9 Februarie hul praktiese jaar by Origins Retreatsentrum in Kromdraai afgeskop. Dr Hein Delport, die intredende hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK), het hulle vergesel.**

Dr Delport beskryf dié geleentheid as 'n *drempel-ruimte* wat studente nie net toerus vir bediening nie, maar ook anker. Vir hom behels hierdie vertrekpunt veel meer juis omrede dit as 'n oorgang na hul praktiese jaar funksioneer, geanker in innerlike helderheid en geestelike dissipline. Hierdie week het dus 'n ruimte geskep waar die studente geestelik stil kon word en hulself kon voorberei vir die aanvang van hul praktiese jaar.

Maar die Hervies was nie alleen nie. Die NGK en NHKA se finalejaarstudente deel jaarliks hierdie spasie. Die fokus op kontemplatiewe spiritualiteit tydens hierdie wegbreek is nou al vir etlike jare deur dr André Ungerer van die Hervormde Kerk en dr Kobus Myburgh van die NG Kerk gehandhaaf. Dr Delport spreek sy dankbaarheid uit dat die studente gedurende die week deur verskillende aanbieders deur 'n geïntegreerde proses geneem is – van kontemplatiewe gebed en stil word, na dieper selfrefleksie en geloofspraktyke, en uiteindelik na roeping, identiteit en beliggaamde spiritualiteit.

Die verskeie fasette van spiritualiteit is deur die loop van die week bespreek asook praktiese riglyne vir die *hoe*. Elke student het toerusting ontvang om hul spiritualiteit op hul eie unieke maniere te vorm. Hierdie spiritualiteit behoort dan in hul alledaagse lewe en ook hul bediening verweef te word. Dr Delport skryf die volgende oor sulke samewewing: *Persoonlik het ek weereens besef in 'n tyd waar bediening maklik oor spoed en prestasie kan gaan, leer ons studente hier om te begin by stilte, eerlikheid en te luister sodat hul bediening later nie net uit vaardighede vloei nie, maar uit 'n lewe wat diep in God se teenwoordigheid geanker is.* Hy noem vervolgens dat dit duidelik is dat dié praktiese beoefening van spiritualiteit van die uiterste belang is, nie net vir hierdie samewerkingsprogram nie maar ook vir hul praktiese jaar en uiteindelike bediening wat voorlê. Sulke inisiatiewe beaam die uitgangspunt van die opleiding van teologiestudente aan die HTK. Predikante benodig beide teoretiese én praktiese opleiding om die bediening op 'n verantwoordelike wyse te betree. Hy vertel dat dit nie bloot net 'n *wegbreek* aan die begin van hul praktiese jaar is nie, maar 'n doelbewuste deel van hul institusionele vorming.

Hercules verstaan die eis van hierdie protestante spiritualiteit as *die volle hart, die volle siel, die volle verstand en al ons inspanning.* Hy waarsku wel dat versigtigheid en onderskeiding steeds toegepas moet word op 'n individuele vlak aangesien sulke tegnieke die mens beide kan vóórberei vir 'n ontmoeting met God maar ook dikwels sy of haar aandag kan aftrek. Hy meen dus dat elkeen binne sy of haar unieke omstandighede en menswees moet bepaal watter tegnieke op sinvolle maniere tot hul spirituele lewe kan bydra.

Rolandi erken dat die stil word aanvanklik moeilik was, maar al meer noodsaaklik was soos die week verloop het. *Tydens ons laaste kontemplatiewe gebedsessie het ek opgemerk dat 'n klompie van ons bly sit het nadat die twintig minute verby was. Dit was asof ons net vir nog 'n klein rukkie in hierdie nodige ruimte wou bly voordat ons weer die gejaag van die wêreld moes betree*, vertel sy. Dié ervaring dui op die wesenlike impak wat só begeleidingsprogram vir studente bied wat hierdie jaar werksaam gaan wees in gemeentes. Dr Delport vertel dat verskeie temas deel gevorm het van hierdie week, onder andere, die verstaan van jou eie geloofsverhaal, praktyke van bewustelikheid en onderskeiding, geloofsontwikkeling en die spanningsveld tussen ego en bediening. Verskeie fasiliteerders het die studente deur hierdie temas begelei.


Hercules verduidelik hoe geloof as 'n individuele én gesamentlike praktyk dissipline en toewyding verg. Dit is aspekte wat onderskeidelik en deurlopend deur die week beoefen is. Hy benadruk dat sulke oefeninge eerlikheid binne 'n reflekterende spasie verg. Rolandi noem dat die teerheid haar juis konstant uitgedaag het. Sulke intense binnewerk word deur Hercules beskryf as 'n geleentheid wat ruimte skep *om 'n mens daadwerklik in die praktyke te begewe.* Dit is volgens hom ook 'n geleentheid om ander toekomstige predikante te ontmoet en die toewyding en entoesiasme vir bediening by hulle te kan beleef. Dié spasie het dan óók by die studente 'n vrymoedigheid geskep om mekaar te kan ondersteun deur die uitdagings wat met só afrondingsjaar gepaard gaan. *Dit skep 'n tipe spilpunt*, verduidelik dr Delport, *'n oomblik waar 'n mens weer leer. Ons werk begin nie by wat ons doen nie, maar by wie ons voor God word.*

Te oordeel aan wat Rolandi te sê het, was die week 'n groot sukses. *Elkeen van ons het Maandag as 'n spesifieke mens by Origins opgedaag, en elkeen van ons het Vrydag veranderd daar weggestap.*

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)



Die finalejaarstudente van die NHKA en NGK







# 40 jaar later: *Kerk en Samelewing*, Belhar en die NHKA se pad van herinnering

Dr Antionette Janse van Rensburg

**Die jaar 2026 is 'n jaar van besondere kerkhistoriese herdenking. Die NG Kerk vier die 40-jarige bestaan van die historiese dokument *Kerk en Samelewing* – 'n dokument wat apartheid verwerp het en verklaar het dat die kerk oop is vir alle rasse. Hierdie dokument word beskou as een van die groot roetemerkers in die geskiedenis van die NG Kerk.**

Tegelykertyd word die 40-jarige bestaan van die Belydenis van Belhar herdenk. Hierdie belydenis het in September 1982 as konsepbelydenis gestalte gekry tydens die sinode van die NG Sendingkerk (NGSK) en is in 1986 as 'n volwaardige belydenisskrif aanvaar. Dit is later ook deur die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) aanvaar. Die grondoortuiging agter hierdie belydenis was dat apartheid se uitgangspunt van onversoenlikheid tussen mense direk in stryd is met die boodskap van die evangelie.

Die NHKA het nie in 2026 'n vergelykbare herdenking rondom apartheid nie. Tog is dit sinvol – en noodsaaklik – dat ons ook die geskiedenispad onthou. My kollega aan die Universiteit van Pretoria, prof Van der Merwe, gebruik die beeld van 'n swaai om hierdie gedagte te verduidelik. Om te verstaan waar ons vandag is en om vorentoe te kan swaai, moet ons soms bereid wees om agtertoe te swaai en te onthou.

In hierdie artikel word die NHKA se betrokkenheid by en die uiteindelike verwerping van apartheid kortliks kronologies uiteengesit.

Die verhaal wat ontvou, is dié van 'n Kerk wat apartheid na die Tweede Wêreldoorlog aktief bevorder en teologies begrond het – en wat eers ná meer as ses dekades tot 'n finale afwysing van daardie begronding gekom het.

**1951: Die Kerkwet van 1951**
In 1951 het die Algemene Kerkvergadering (AKV) 'n Kerkwet aanvaar waarvan Artikel III die grondslag vir 'n amptelike rassebeleid in die kerk gelê het. Die artikel het bepaal:

> Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – 'Maak dissipels van alle nasies' (Matteus 28 :19) – die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom net blanke persone.

**1957: Memorandum aan die Wêreldraad van Kerke**
Teen 1957 het 'n kommissie van die AKV – met verwysing na gevolgtrekkings wat reeds in 1957 gestalte gekry het – tot die oordeel gekom dat alle mense sondaars is en as sondaars voor God gelyk staan, maar dat gemengde eredienste onwenslik is. Die NHKA het aangevoer dat kerklike skeiding op grond van praktiese ondervinding die beste werkbare praktyk is. Hierdie standpunt is in 'n memorandum aan die Wêreldraad van Kerke (WRK) beskikbaar gestel.

**1960: Die Cottesloe-beraad**
Tydens die Cottesloe-beraad het die NHKA apartheid as die enigste oplossing aan die WRK voorgestel. Op 14 April 1960 het die Kerk 'n verklaring gepubliseer waarin apartheid beskryf is as 'n *Christelike gefundeerde, regverdige beleid* – 'n formulering wat die teologiese regverdiging van staatlike beleid duidelik illustreer.

**1961: Rapport oor Artikel III**
Die 1961-rapport het bevestig dat kerklike rasseskeiding op Skrif en geskiedenis gegrond is, en dat Artikel III gehandhaaf moet word.

**1963: Reaksie op Nederlandse kritiek**
Toe die Nederlands Hervormde Kerk in 1963 'n herderlike skrywe met die titel *Het Rassenvraagstuk* versprei, het die Kommissie van die AKV met die dokument *Gelyke Geleentheid* (1963) gereageer. Daarin is apartheid verdedig as 'n beleid wat gehoorsaam is aan Matteus 22: 39.

**1964: Die NHKA en die Afrikaner Broederbond**
Op 18 Desember 1963 het die Kommissie van die AKV vir oudl JC Oelofse opdrag gegee om 'n ondersoek in te stel na die verhouding tussen die NHKA en die Afrikaner Broederbond. Die resultate is versprei en op 23 April 1964 by die AKV aangebied – 'n aanduiding van die noue verstrengeling tussen kerklike en politieke strukture in hierdie era.

**1973: Herderlike skrywe**
Die herderlike skrywe van 1973 het apartheid beskryf as die *enigste eerlike en Christelike beleid* wat oorheersing van een groep deur 'n ander kon voorkom. Volkskerkstigting en segregasie is as Skriftuurlik begrond beskou – 'n standpunt wat in lyn was met die kerk se langtermyn-narratief.

**1976–1977: Ondersteuning van afsonderlike ontwikkeling**
In 1976 het die AKV die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling ondersteun. Die besluite van 1977 het hierop voortgebou deur te bevestig dat apartheid 'n regte beleid is, mits dit *met die regte gesindheid* toegepas word. Gesamentlike eredienste is verwerp, en gemengde huwelikswette is verdedig.

**1978–1979: Studiekommissie**
'n Merkbare verskuiwing begin sigbaar word met die werk van 'n studiekommissie gedurende 1978-1979. Vir die eerste keer begin die Kerk wegbeweeg van 'n Skrifgegronde regverdiging van apartheid, en word rasseskeiding eerder as 'n praktiese reëling, as 'n politieke stelsel met 'n Bybelse grondslag, gesien.

**1985: Kerk en Wêreld 2000**
Die dokument *Kerk en Wêreld 2000* toon 'n dubbele beweging: enersyds ondersteun die NHKA steeds apartheid en handhaaf die volkskerkgedagte as motivering vir afsonderlikheid; andersyds erken die dokument al hoe duideliker dat die implementering van apartheid dikwels met onreg en geweld gepaard gegaan het. Hierdie erkenning verteenwoordig 'n belangrike morele kentering – al is die strukturele regverdiging nog nie prysgegee nie.

**1990: Herderlike skrywe – Kerk en Politiek**
Die mees beduidende verskuiwing voor 2000 vind in die herderlike skrywe met die titel *Kerk en Politiek* plaas. In hierdie dokument is daar geen enkele verdediging van apartheid of Artikel III nie. Rassisme word verwerp, en die Kerk streef na 'n kritiese solidariteit met die Afrikanervolk.

**2001: Skuldbelydenis by die 66ste AKV**
By die 66ste AKV in 2001 het die Kerk skuld bely oor misdade wat onder die apartheidsbeleid gepleeg is. Die besluit lui soos volg:

> ...dat die kerk kennis neem van die misdade wat onder die Apartheidsbeleid gepleeg is, self deur lidmate van die kerk. Daarvoor bely die kerk sy skuld voor God en word die lidmate opgeroep tot 'n skuldbelydenis teenoor God en medemens.

**2006: Identiteit en Relevansie**
In 2006 het die Kommissie van die AKV 'n memorandum opgestel met die titel *Identiteit en Relevansie van die NHKA aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika*. Die dokument het as besprekingstuk tydens 'n nasionale *colloquium* gedien. Daarin word die identiteit van die Kerk nie meer aan die volkskerkgedagte verbind nie, maar aan die waardes van die koninkryk van God – 'n fundamentele herkonseptualisering van die Kerk se selfverstaan.

**Finale afwysing: Die 69ste AKV (2010) en die BAKV (2011)**
Die finale en ondubbelsinnige verwerping van die teologiese begronding van apartheid het tydens die 69ste AKV in 2010 plaasgevind. Die pad hierheen het in 2009 begin toe vyf Hervormde teologiedosente 'n verklaring uitgereik het waarin apartheid as verkeerd beoordeel is en die teologiese regverdiging daarvan as 'n mistasting beskryf is. Die dosente het vervolgens die Kommissie versoek om 'n beskrywingspunt by die 69ste AKV in te dien. Dit lui soos volg:

> BESKRYWINGSPUNT 54: TEOLOGIESE DOSENTE – VERWERPING VAN APARTHEID Die 69ste Algemene Kerkvergadering maak in die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se besluit dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat, onomwonde die uitspraak dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie. Die Kerk verwerp apartheid omdat dit:
>
> - in stryd is met die evangelie van Jesus Christus
> - gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid
> - onreg sanksioneer
> - die beeld van God in mense aantas

Ons ken geen ander evangelie nie as die evangelie van God se liefde in Christus wat van ons eis om met ander deernis te hê soos God met ons deernis het. Daarom kan ons die Apartheidsisteem in kerk en samelewing nie anders as inherent mensonterend sien nie. Terwyl die aantasting van menswaardigheid op geen manier Bybels, teologies of moreel geregverdig kan word nie, dring die evangelie sowel mense wat deur onregverdige strukture bevoordeel is as dié wat nie bevoordeel is nie, om sulke regverdigingspogings te weerstaan.

Die 69ste AKV het Beskrywingspunt 54 aanvaar, met die amendement dat die Bybels-teologiese aard van die verklaring beklemtoon word.

Hierdie besluit het tot kerklike spanning gelei, en die Kommissie het 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) in Oktober 2011 belê. Hoewel die gewenste versoening nie ten volle bereik is nie, het die BAKV 'n verdere beslissende verklaring aanvaar:

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van Apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika, nie teologies geregverdig kan word nie, en herroep hiermee alle goedkeurings in die verlede van die beleid in uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.

Met hierdie besluit is dit duidelik gestel dat die Hervormde Kerk alle teologiese regverdiging en begronding van apartheid herroep. So het die moeilike en spanningsvolle diskoers oor apartheid wat meer as 60 jaar geduur het, tot 'n einde gekom. Deure vir die hertoelating van die NHKA tot die WCRC en ander ekumeniese liggame is hierdeur oopgemaak. Ongelukkig het die besluit wel tot kerkskeuring gelei.

**Slotgedagte**
Hierdie geskiedenis is nie 'n eenvoudige verhaal van skuldige en onskuldige partye nie. Dit is die verhaal van 'n Kerk wat, soos baie ander instansies in die Suid-Afrikaanse samelewing, haar teologie laat verstrengel het met die ideologie van haar tyd. Die waarde van herinnering lê nie daarin om skuld te herleef nie, maar om eerlik te wees oor die verlede sodat die toekoms anders gevorm kan word.

Soos prof Van der Merwe se swaai-metafoor ons herinner: 'n eerlike terugkyk is nie 'n terugval nie. Dit is 'n voorwaarde vir 'n volwaardige vorentoe beweging.

(Dr Antionette Janse van Rensburg is leraar in Gemeente Montana en dosent by Universiteit van Pretoria)

# Boekbekendstelling – *Verantwoording: die dialektiek van 'n sinryke bestaan* deur dr Hercules Boshoff

Ds Iwana Kruger

**Die Hervormde Kerk het nog altyd 'n sterk verwantskap tussen teologie en filosofie aangemoedig. Dit is vanuit hierdie goeie verhouding, vertel dr Hercules Boshoff, wat hy inspirasie vir sy boek *Verantwoording: die dialektiek van 'n sinryke bestaan* geneem het. Dit is hierdie selfde band wat hom as skrywer en as student oor dekades gevorm het – 'n vormingsproses wat tot dié filosofiese skryfwerk gelei het. Die bekendstelling van hierdie boek het op 21 Januarie 2026 by die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns plaasgevind. Dr Boshoff beskryf sy boek as 'n leesstuk vir enige belangstellende leser.**

Bo en behalwe die voltooiing van sy BTh aan die Universiteit van Pretoria en MDiv aan die Universiteit Stellenbosch, spog hy ook met 'n meestersgraad in Filosofie. Hy het sy doktorale proefskrif suksesvol by die Universiteit van die Vrystaat voltooi en postdoktorale navorsing by die Universiteit van Potchefstroom gedoen. Sy belangstelling in filosofie het hom toegelaat om na universiteite soos Stellenbosch, die Vrije Universiteit in Amsterdam en Radboud te reis.

Hierdie werk is die produk van sy eie worsteling met en die aanspreek van die probleme van ons samelewing. Hy is van mening dat dit bydra tot gesprekke wat ons behoort te voer – gesprekke oor geloof, taal, die natuur en politiek. Hierdie projek poog om ander aan te moedig om na te dink oor die mate waartoe ons onsself kan verantwoord. Dit sluit in verantwoording teenoor onsself, ander en ook teenoor God.

Dr Boshoff gesels ook oor die tipe verantwoording wat op verskillende kerklike vlakke geskied. Vir jare is hy 'n lidmaat van die Hervormde Kerk en sy teologiese belangstelling was hoofsaaklik teoreties, maar in 2026 gaan dit verander. Vanjaar voltooi hy sy praktiese jaar by Gemeente Kaapstad waar hy vanaf Februarie 2026 betrokke is. *Dit is 'n opwindende, maar ook 'n oorweldigende avontuur*, vertel hy. Hy is hoopvol oor die leiding wat hy van hierdie gemeente en sy mentor gaan ontvang.

Die Kerk is opgewonde oor hierdie publikasie, en ook oor ander wat binnekort uit sy pen gaan kom. Die boek is aanlyn by Naledi uitgewers op hul webblad beskikbaar of by die volgende skakel: **https://naledi.co.za/product/verantwoording/**.

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)


Dr Hercules Boshoff

# Ek en die Here op die pad na my roeping…


Ds Peet Bloem en sy gesin


Ds Peet en sy vrou, Ina

Ds Iwana Kruger

**Die ordening van prop Peet Bloem is op 1 Maart deur die koor van Gemeente Secunda geopen. Ds Peet se intreeboodskap het oor die ongemaklike pad van Jesus op pad na die kruis gehandel, maar het ook die teenwoordiges uitgedaag om hul eie ongemaklike pad waartoe hulle geroep is, te omarm.**

Ds Peet Bloem se pad het in Delareyville begin met sy geboorte in 1958. Alhoewel hy van kindsbeen af 'n roepingsbewussyn ervaar het, het hy uiteindelik besluit om eers vir vier jaar as 'n lid van die destydse SAP te dien en die volgende 36 jaar as ambagsman by Sasol werksaam te wees. Uit sy huwelik met sy vrou, Ina, beleef hulle seën deur die geboorte van hul drie dogters: Ronel, Marlene en Lienkie.

Gedurende hierdie 40 jaar het sy roeping om predikant te word, konstant in sy gedagtes gedraai. In 2019 duik 'n geleentheid op om dié roeping in die bediening op te neem. Hierdie geleentheid is moontlik gemaak deur die herstrukturering wat by Sasol plaasgevind het. Ds Bloem het toe 'n gesprek met sy vrou gevoer en hulle het tot die besluit gekom dat hy aansoek gaan doen om as teologiestudent van die Hervormde Kerk by die Universiteit van Pretoria te studeer.

In 2020, op die ouderdom van 61, begin ds Peet sy pad na die bediening as eerstejaar teologiestudent. Met die afhaal van sy studentekaart het die sekuriteitswagte vir hom aangedui dat dié geleentheid nie bedoel is vir ouers of grootouers wat hul kinders vergesel nie, grap hy.

Binne die eerste jaar van sy studies beleef hy onsekerheid oor die voltooiing van sy kursus. Nes die toneel van Jesus in die woestyn wat hy in sy preek geskets het, het hy self hierdie ongemaklike plek beleef waar sy karakter getoets word. Hy verduidelik dat hy uiteindelik besluit het: *Daar is ook wonderwerke in die woestyn – wonderwerke in die vormingsproses. Dit is veral belangrik wanneer 'n mens jouself in 'n woestyn van verwagtinge bevind. Maar daar is sekere waarhede wat konstant bly: die Here laat alles op sy bepaalde tyd geskied, selfs al is dit op die jong ouderdom van 68.*

Gemeente Secunda is sedert 1983 die geestelike tuiste van die Bloem-gesin. Dit is hier waar ds Peet oor die jare as diaken, ouderling en nou uiteindelik ook as predikant gedien het.

Op hierdie pad – die pad van roeping – is ds Peet deur persone soos drr André Ungerer, Frikkie Labuschagne en di Martin Meyer en Hannes Wolmarans bemoedig. Die ondersteuning en bemoediging van sy klasmaats, naamlik ds Christo Pieterse, prop Kharla Guest en di Zanedrieka de Lange, Helga du Plessis en Carien Janeke was vir hom 'n groot bron van inspirasie.

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)



# Opening van Hervormde Teologiese Kollege

**Ds Iwana Kruger**

**Op Aswoensdag, 18 Februarie 2026, het dr Hein Delport die jaarlikse opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) by Gemeente Philadelphia met 'n erediens getiteld *Noem my Mara* behartig. Die voortgesette liturgie het die tema van identiteit vanuit die verhaal van Naomi en Rut in die Ou Testament ondersoek. Hy het hierdie soektog na identiteit met dié van die Kerk verbind. Voorts het hy die vraag gestel: *Wat is ons identiteit as die Hervormde Kerk?* Die verhaal wat hy voorgehou het, beklemtoon hoe die naam Naomi met die tema van aanneemlikheid geassosieer word. Tog het sy later haar naam na Mara verander wat met bitterheid verbind word. Dit benadruk die intense emosies wat sy ervaar het tydens haar terugkeer na haar vaderland en hoe dit vir beide haar en Rut met hul identiteit laat worstel het.**



Dr Hein Delport

Dr Delport het die studente en dosente van die HTK uitgedaag om na die Here terug te keer met dieselfde toewyding as wat Rut vir Naomi gevolg het. Terselfdertyd het hy die teenwoordiges herinner dat ons in hierdie soektog na identiteit ook kan kies om nie in bitterheid te verval nie. Ons kan as't ware kies om nie te sê nie: *Noem my sommer Mara – bitter.* Dit is 'n bemoedigende boodskap wat gelowiges herinner dat ons eerder die volgende kan besluit: *Noem my sommer Naomi – vreugde.*

Dr Thinus van Staden, voorsitter van die Kuratorium, se verwelkoming aan die studente was met hierdie tema verweef. *Ek is dankbaar dat die Here my nie op 'n gestolde plek gevind het nie, ek is dankbaar dat ek met 'n oop einde geskape is.* Hy het verduidelik hoe daar soms 'n wesenlike verskil is tussen wat iemand glo en wat iemand doen. Daarom het hy die studente aangemoedig dat hulle in hul eie soektog na identiteit hierdie *glo* en *doen* uiteindelik saam sal laat smelt deur die loop van hul studies. Hulle sal hulself ook nie op 'n gestolde plek bevind nie.

Prof Jaco Beyers, die adjunkdekaan van die Fakulteit van Teologie en Religie by die Universiteit van Pretoria (UP), het namens die Fakulteit die studente verwelkom. Hy was vergesel deur die dekaan, prof Rantoa Letšosa. Prof Beyers het melding gemaak van 'n spesifieke balans wat hy hoop die studente sal kan handhaaf ter wille van die groei van die Kerk, naamlik onthou en vergeet. Dié balans word deur die Kerk gehandhaaf. Die Kerk onthou deurgaans haar tradisie en roeping en skep terselfdertyd innovering deur te vergeet. Hy het afgesluit deur sy dank uit te spreek dat die Kerk haarself nog in die Fakulteit huisves deur middel van die HTK en dat hy uitsien daarna dat die twee instansies om in die toekoms saam sal onthou en vergeet.

Dr Antionette Janse van Rensburg het saam met dr Robert van Niekerk 'n referaat gelewer met die tema *'n Teopoëtiese besinning oor die Woord van God*. Hulle het 'n sakramentele lesing van die Woord van God voorgestel. Hierdie lesing stel 'n veelvuldige perspektief tot die Woord van God voor – nie net van teks tot tafel nie, maar ook van tafel tot teks. Hierdie navorsing fokus op die verantwoordelike en verantwoordbare omgaan met Skrifinterpretasie wat lei tot 'n lewende verhouding met God oor wie die Skrif getuig. Dit is 'n kritiese waardering en historiese bewussyn van die NHKA se Skrifbeskouing.

Na afloop van die erediens en verwelkoming het almal verversings geniet en die verskeie werkgemeenskappe van die Kerk het van die geleentheid gebruik gemaak om te vergader.

(Ds Iwana Kruger is leraar in Gemeente Pretoria-Oos en die NHKA se joernalis)



Drr Robert van Niekerk en Antionette Janse van Rensburg

# Stoepstories: Toegegooi

**Oupa Stoep**

**Verswelgde Vernon van Viljoenspos vra:** ***Beste Oupa Stoep, ek probeer elke jaar my verdiep in die stille gewydheid van Lydenstyd, maar dit begin vir my voel of die heelal teen my saamspan om hierdie tyd van die jaar alles behalwe 'n rustige tyd te maak. Naas 'n mens se preekverpligtinge is dit mos die einde van die finansiële jaar met afsluitings wat gedoen moet word en boeke wat vir oudit reggemaak moet word. Hierby kom die swetterjoel verslae wat voltooi moet word met die oog op die komende ringsvergadering. Ek kom net nie voor nie. Kan Oupa asseblief help?***

Beste Vernon, terwyl Oupa sit en kyk na die purperkers wat hy in Lydenstyd brand, kry Oupa jou diep uit sy hart bitter jammer. Een van die groot seëninge van emeritaat is dat jy nie die omsendskrywe oor ringsvergaderings eers hoef oop te maak nie!

Tog het Oupa iets gelees wat Oupa dink dalk vir jou nuttig kan wees. Onlangs vertel Albé Grobbelaar op Netwerk24 van 'n Britse skrywer, Cyril Northcote Parkinson, wat in 1958 'n boekie uitgegee het, getiteld *Parkinson's Law.* Parkinson se *wet* was een kort sinnetjie: *Work expands to fill the time available for its completion.*

Overgesetsynde sou dit beteken dat as jy vir iemand 'n bietjie werk gee met baie tyd om die werk in te doen, sal daardie persoon al daardie baie tyd nodig hê om die werk in te doen. Maar die omgekeerde is ook waar. As jy vir iemand baie werk gee met min tyd om die werk in te doen, sal daardie persoon steeds die werk klaar kry in die beperkte tyd tot sy of haar beskikking.

Of Parkinson geweet het hoe dinge in 'n pastorie werk, weet 'n mens ongelukkig nie. Hy beskryf egter klokhelder hoe dominees se werkswyse baie keer uitspeel. As jy min tyd tot jou beskikking het, is daar gewoonlik 'n berg goed waaraan jy aandag moet gee en wat jy moet afhandel. Met baie angssweet en gespartel, kry 'n mens dit meeste van die tyd tog reg – al is dit op die nippertjie. Een van Oupa se goeie vriende het 'n gesegde: *Ons dominees land altyd op ons voete.*

Die ander kant van Parkinson se wet geld egter ook vir dominees. As jy baie tyd op hande het en min dinge in jou inboks lê, vat jy soveel langer om aan hulle aandag te gee. Uiteindelik loop daardie lang tyd ook maar weer uit en skarrel jy teen die einde om dit wat jy moes afhandel, af te handel.

Oupa het beide kante van Parkinson se wet baie gereeld in sy lewe beleef en omdat Oupa nie goed onder stres funksioneer nie, het Oupa die *Stoepsit-stelreël* ontwikkel. Dit lui: *Hoe gouer ek agter raak, hoe meer tyd het ek om in te haal.* Probeer dit gerus, liewe Vernon, dit werk!



Parkinson het ook raad gehad vir al die komitees en kommissies wat so deel is van enige organisasie, ook van die kerk. Sy raad het hy as 'n rympie geformuleer:

*Committees of twenty*
*Deliberate plenty*
*Committees of ten*
*Work now and then*
*But most jobs are done*
*By committees of one.*

Redakteur: Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger.
Redaksie: Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV).
Grafies: Mnr Hugo van Niekerk.
Administrasie: Mev Sarie Roux.
Uitgewer: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org
Drukkers: Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X.

*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*